

WESKUS

Fosfaatmyn kry lisensie vir water

Groep wil teen besluit appelleer

Malherbe Nienaber

Werkzaamhede by die Elandsfontein-fosfaatmyn aan die Weskus behoort binnekort te begin nadat 'n watergebruikslisensie aan dié myn toegestaan is.

Die mynmaatskappy Kropz het gister bevestig dat hy die geïntegreerde watergebruikslisensie vir die myn tussen Langebaan en Hopefield ontvang het en met die departement van water en sanitasie (DWS) in gesprek is oor hoe om dit toe te pas.

Bouwerk by die myngebied is reeds voltooi en dit was teen Maart gereed om in gebruik geneem te word.

Intussen het die Weskus-omgewingsbewaringsassosiasie (Woba) aangedui dat hy gaan appelleer teen die toestaan van die waterlisensie.

Die myn grens aan die Weskus Nasionale Park, naby 'n fossielryke gebied wat in 2015 tot provinsiale erfenisgebied verklaar is.

Elandsfontein Exploration and Mining (EEM) het aansoek gedoen om daaglik 1,6 megaliter water van die Saldanhaabaai-mu-

nisipaliteit te gebruik en aanvanklik sowat 20 megaliter grondwater per dag uit te pomp. Die munisipale water sal in die myn gebruik word en die grondwater sal in 'n geslote stelsel terug in die grond gepomp word.

Memory Johnstone, EEM-woordvoerder, het vroeër vanjaar gesê die myn se wateraanvraag sal verminder namate die mynwerk vorder en afvalmateriaal sal ook gefiltreer word sodat 'n gewone stortingsterrein nie nodig is nie.

Elandsfontein sal 0,1 m³ water gebruik vir elke ton erts wat verwerk word, terwyl fosfaatmyne "gewoonlik" 1 m³ (1 000 liter) water benodig.

Die myn is op 500 ha grond geleë en die fosfaat sal vir minstens 15 jaar uit 'n waterdraer 20 m onder die grond ontgin word.

EEM het vroeër aantygings dat daar nie genoeg met die publiek en belanghebbers gekonsulteer is nie verwerp en gesê 'n omvangryke openbare deelnameproses is al van 2014 gehou.

Johnstone sê waterverbruikers binne 5 km vanaf die myn is genader en vergaderings is

gehou waar grondeienaars met waterspesialiste kon praat.

Bykomende studies wat deur Kropz aangevra is, het glo aangedui dat die waterverbruikers nie geraak sal word nie, ook nie die watervlakke, die gehalte van grondwater of die Langebaanstrandmeer nie.

In Januarie het Sanparke aangedui dat hy aanvanklik die aansoek van Kropz teengestaan het, maar sy besware is teruggetrek nadat daar op sekere voorwaardes ooreengekom is.

Daar is aanbeveel dat 'n tydelike waterlisensie nie uitgereik word nie totdat "onsekerhede" oor die moontlike invloed van mynbedrywighede op die grondwater en die strandmeer uitgeklaar word.

Die uitwerking van mynbedrywighede en die terugpomp van water op die watergehalte in die strandmeer is volgens Sanparke "nog grootliks onbekend" en bykomende toetse en modellering is aanbeveel.

In Februarie het die Sentrum vir Omgewingsreg ook 'n beroep op die DWS gedoen om 'n openbare deelnameproses vir die waterlisensieaansoek te hou.